*Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek*
Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek
R10,00 per uitgawe
ISSN 0038-2418

Hierdie tydskrif word reeds sedert 1946 uitgegee en is in die lewe geroep om Africana-artikels van historiese en sosio-kulturele belang te publiseer en veral om die Suid-Afrikaanse Biblioteek se versamelings wyer bekend te stel. Die redaksie stel hom ten doel om interessante leesstof te bied aan almal wat in die geskiedenis belangstel, met ander woorde ook aan die belangstellende leek, maar aan die ander kant word ook daarna gestreef om die aandag van historici en ander navorsers op minder bekende temas in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te vestig. Die blad is nie 'n akademiese publikasie nie, maar daar word wel gestreef om 'n hoë standaard te handhaaf en 'n gesaghebbende bron van inligting vir die navorser daar te stel. Dit word dan gekombineer met 'n interessante inhoud vir die breër publiek.

Behalwe vir sy heel besondere, seldsame boekversamelings, is die Suid-Afrikaanse Biblioteek ook bekend vir die baie belangrike manuskripversameling wat deur die jare opgebou is. Die *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek* vervul die belangrike funksie dat dit die bronnemateriaal wat in hierdie manuskripversameling aanwesig is, onder die lesers se aandag bring.

As 'n mens die vier uitgawes van die laaste jaargang vergelyk, is dit interessant om te sien watter verskeidenheid onderwerpe gedek word: daar is artikels oor die oprigting van die Rhodes-gedenkteken in Kimberly; koster Johannes Jacobus Reiniers van Stellenbosch; W.C. Palgrave se besoeke aan Suidwes-Afrika tussen 1876 en 1885; die reis van Robert Jacob Gordon langs die Olifantsrivier; die mondelinge geskiedenis van Katie Jacobs, 'n Kaapse vroedvrou; Middeleeuse en Renaissance manuskripte in

die biblioteek; 'n weergawe van Daniel Lindley en sy vrou se werk in Suid-Afrika soos vertel deur hulle dogter en die sogenaamde Claudius manuskrip wat in die biblioteek se besit is.

Karel Schoeman is 'n gereelde bydraer tot die tydskrif. In volume 46 skryf hy byvoorbeeld oor 'n skool vir jong dames wat in die 1850's in die Kaap bestaan het; die ikonografie van die vroeë Vrystaat; *De Dagster,* 'n vergete koerant van Philippolus en die sg. "Ethnographic album", 'n album met honderde volkekundige foto's en wat deel van die Greyversameling van die biblioteek is.

Onder die ander artikels wat in die betrokke jaar verskyn het, is 'n reeks oor die sogenaamde "Ballard briewe". Die briewe van Colin Ballard, 'n Britse soldaat, gedurende die Tweede Vryheidsoorlog aan sy verloofde in Engeland, bied 'n interessante blik op die oorlog. Hy spreek byvoorbeeld baie duidelik sy afsku uit oor die afbrand van boerewonings en treitering van Boerevrouens en -kinders.

Behalwe die artikels is daar ook korter mededelings oor nuwe aanwinste van die biblioteek, notas oor navorsing wat aan die gang of afgehandel is en aankondigings oor werksaamhede van die biblioteek.

'n Jaarlikse kumulatiewe inhoudsopgawe vir die artikels, korter aankondigings en foto's word gepubliseer. Van groot waarde vir die navorser is die vyfjaarlikse register wat gepubliseer word.

Lede van die "Vriende van die Suid-Afrikaanse Biblioteek", 'n vereniging wat sedert 1955 bestaan met die doel om openbare belangstelling in en steun vir die werk van die Suid-Afrikaanse Biblioteek en sy versamelings te bevorder en aan te moedig, ontvang die tydskrif as deel van hulle lidmaatskap. Ledegeld is R30,00 per jaar.

T.B. VAN DER WALT
*Universiteit van Suid-Afrika*